

3 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Samuel 8 en 9

Fokusgedeelte: 2 Samuel 9

Belofte maak skuld

Dit is maklik om te belowe! Mense belowe baie dinge: Egpere beloof trou aan mekaar, ouers lê doopbelofte af, lidmate bely (beloof) hulle geloof. Kyk 'n slag hoe dikwels belowe jy iets! Dawid was in elk geval 'n gelowige wat sy beloftes nagekom het. Sy hoofsaak was om sy volk te beskerm en te beveilig en die land te regeer. Te midde van al sy verantwoordelikhede het hy nog sy beloftes aan Saul, sy aartsvyand, en Jonatan, sy boesemvriend, onthou. Hy het belowe dat hy hulle familieledede nie sal uitroei as hy eers aan bewind gekom het nie (1 Sam 20:14-17; 24:21-23).

Dit was gebruik in daardie tyd dat die nuwe koning wat die troon verower alle moontlike aanspraakmakers op die troon uit die vorige koningshuis doodmaak. By navraag het dit geblyk dat daar wel so 'n afstammeling van Saul gelewe het – 'n kleinseun wat vir Dawid weggekrui het. Heel verstaanbaar! Dawid het hom laat haal en aan hom guns bewys (OAV). Die woord wat die Bybelskrywer hier gebruik, beteken genade – 'n onverdiende weldaad. Dawid het sy belofte in die oortreffende trap nagekom!

Ons ken God as 'n God wat beloftes nakom. In Christus oorlaai Hy ons ooreenkomstig sy beloftes met onverdiende seënige. Daarom verwag die Here ook van ons, sy dienaars, om erns te maak met al ons beloftes wat ons maak. Ons moet dit doen in navolging van Christus wat sy beloftes aan ons nakom. Doen jy dit getrou?

Sing: Psalm 119:38

Ds APC Duvenage (Emeritus)